# 26 Maart 2024 - Lesing 271 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

**Ontvangs van die Woord is ’n vrye wilshandeling –**
10/3/62

**NO: 8121** Ek het julle, My dienare, op aarde nodig, want Ek kan nie deur ongewone werksaamheid die mense tot ‘n geloof aan ‘n God en Skepper dwing wat die geloof nog nie besit nie. En sou Ek die mense hoorbaar uit die hoogte aanspreek, **dan sal dit met hul wilsvryheid gedaan wees**, hulle sou dan moet glo en net as gevolg hiervan onder die indruk wees en noodsaaklikerwys **My Wil moet nakom**.

Maar hulle moet weer aangespreek word, omdat hulle hulself in groot geestelike nood bevind. **Daarom moet Ek deur die mensemond tot hulle spreek** en dit aan hulle **vrye wil** oorlaat of hulle My Woord wil aanneem of nie.

Ek het julle nodig en julle sal dit ook self begryp; julle sal My teenwoordigheid bespeur en weet dat dit julle Vader in die hemel is Wie tot julle spreek, Wie julle altyd daartoe aanspoor om julle teenoor julle medemens uit te spreek en om hulle te vertel van My ongewone werksaamheid in julle. Waarlik ongewoon vir hulle wat nog niks van My Liefde en erbarming weet nie, wat vir alle mense geld, wie My en My Wese nog nie ken nie en daarom self geen enkele verbinding met My soek nie.

En aan hulle wil Ek My openbaar as ‘n Vader, Wie die welsyn van Sy kinders op die hart dra. Ek wil My aan hulle openbaar as ‘n God van Liefde, Wysheid en Mag.

**En Ek het julle, My dienare, nodig, omdat Ek die mense deur julle kan aanspreek**. Want daar staan My nie veel werktuie ter beskikking nie, omdat dit ‘n handeling van die vrye wil is om My Woord in ontvangs te neem, wat ook ‘n basis vereis wat nie dikwels by die mense aangetref word nie.

‘n Diep geloof wat deur die liefde gewen word moet hulle daartoe bring om **in hulle binneste te luister**. Hulle moet My genade bewustelik verwag, dit vashou en steeds bereid wees om **deur te gee wat hulle ontvang**. Slegs ‘n **diep geloof** sal hulle beweeg om na hul innerlike te luister en slegs dan kan Ek My openbaar, as die mens homself in die geloof met My verbind, **en My dan tot homself laat spreek**.

Dat Ek nou die verspreiding van dit wat na julle toe kom, so dringend van julle versoek, vind sy rede in die groot onwetendheid van die mense wat deur die aardse lewe gaan met slegs wêreldsgerigte gedagtes. Wat niks, maar dan ook heeltemal niks weet en glo van die ryk wat buite die aarde lê nie, wat hulle eens sal betree, as hulle liggaamlike lewe beëindig is.

Hierdie mense is in die grootste nood, want hulle kan nie vergaan nie, aangesien hulle siele vêrder lewe na die dood van die liggaam. En vir hierdie siele wag daar geen aangename lot nie, want hulle gaan in totale duisternis die ryk hierna binne - en hulle sal baie leed en kwellinge moet verduur voordat ‘n straaltjie lig hulle sal verlig. **Ek sou die mense nog graag hierdie straaltjie lig wou gee voordat die einde aanbreek**. Ek sou hulle tog nog graag sodanig wil help dat hulle self die kontak tot stand sal bring met hulle God en Skepper, dat hulle hulself in gedagtes met Hom sal besighou, sodat Ek nou Self op hulle gedagtes kan inwerk.

En daarom probeer Ek om hulle aan te spreek en julle moet My daartoe dien, sodat Ek My in ooreenstemming met julle bereidwilligheid kan uiter en sodat julle medemens kennis daarvan kan ontvang. Julle moet julle deur My laat onderrig en dan julle kennis vêrder deurgee. **Maar altyd in onveranderde vorm**, want wat van My uitgaan, is die suiwere waarheid en dit moet **onbedorwe vêrder gegee word**, as dit as lig werksaam wil wees in die harte van die mense wat weinig lig besit. En julle bewys My waarlik ‘n diens waarvoor Ek julle sal seën, want al My skepsele het Ek lief en geeneen van hul mag weer verlore gaan vir ‘n eindelose lang tyd nie.

En daarom sal die **krag van My Liefde** julle ook steeds weer toestroom, solank julle My wil dien. Ek Self sal My teenwoordigheid aan julle bewys deurdat My openbaringe ook op julle ‘n buitengewone indruk sal maak, want Ek hoef geen geloofsdwang meer by julle te vrees nie, julle wie julle daaglikse geloof tot My laat sien wanneer julle My aanspreking **verlangend verwag - en vir My werksaam is**. Amein.